

Titel: Die heerlikheid van adellikes II
Pastor: Fred May
Datum: 28 Maart 2010
Tyd: 08:30



Openbaring 1:5b-6a NV

⁵ ...Uit liefde vir ons het Hy ons deur sy bloed van ons sondes verlos ⁶ en ons sy koninkryk gemaak, priesters vir God sy Vader...

Openbaring 5:10 NV

¹⁰ U het hulle 'n koninkryk en priesters vir ons God gemaak en hulle sal oor die aarde regeer.

a: Geliefde heerser – Dawid-gesag

Spreuke 29:2 NKJV

² When the righteous are in authority, the people rejoice; But when a wicked man rules, the people groan.

Spreuke 8:15 NV

¹⁵ Met my hulp regeer konings goed en laat maghebbers reg geskied.

Spreuke 8:12-14 NV

¹² Ek, Wysheid, het die verstand, ek het die kennis en die skrandigheid. ¹³ Om die Here te dien, is om te haat wat verkeerd is. Daarom haat ek hoogmoed en hovaardigheid, 'n verkeerde lewe en slinkse woorde. ¹⁴ Wie my het, het raad en behaal sukses, ek verleen insig, ek is die een wat die mag gee. ¹⁵ Met my hulp regeer konings goed en laat maghebbers reg geskied; ¹⁶ met my hulp heers die mense wat mag het, die leiers, elkeen wat reg regeer. ¹⁷ Ek het dié lief wat my liefhet; dié wat my soek, vind my. ¹⁸ Wie my het, het rykdom en eer, het duursame en blywende besittings. ¹⁵ Met my hulp regeer konings goed en laat maghebbers reg geskied; ¹⁶ met my hulp heers die mense wat mag het, die leiers, elkeen wat reg regeer. ¹⁷ Ek het dié lief wat my liefhet; dié wat my soek, vind my. ¹⁸ Wie my het, het rykdom en eer, het duursame en blywende besittings.

Kolossense 2:3 NV

³ en in Hom is al die verborge skatte van wysheid en kennis te vind.

Johannes 16:13-15 NV

¹³ Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei. Wat Hy sal sê, sal nie van Homself kom nie: Hy sal net sê wat Hy hoor, en Hy sal die dinge wat gaan kom, aan julle verkondig. ¹⁴ Hy sal My verheerlik, want wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig. ¹⁵ Alles wat aan die Vader behoort, behoort ook aan My; daarom dat Ek gesê het: Wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig.

· Deur intimiteit

Psalm 42:2 NV

² Soos 'n wildebok smag na waterstrome, so smag ek na U, o God.

Psalm 63:2-4 NV

² Ek soek U, o God, my God, ek dors na U; ek smag na U soos in 'n dor en droë land, 'n land sonder water. ³ Ek wil by U in die heiligdom wees om daar u mag en grootheid te ondervind. ⁴ U troue liefde is meer werd as die lewe; daarom sal ek U prys.

· Deur genade

Spreuke 22:11 NV

¹¹ Wie daarop prys stel om opreg te wees en vriendelik te praat, het selfs die koning tot vriend.

Prediker 8:4a OV

⁴ Want die woord van die koning is magtig...

Krag om wette te maak / te verorden

Jakobus 3:10-12

¹⁰ Uit dieselfde mond kom lof en vloek. My broers, so moet dit nie wees nie. ¹¹ 'n Fontein laat tog nie uit dieselfde oog vars en brak water opborrel nie. ¹² 'n Vyeboom, my broers, kan tog nie olywe dra nie, of 'n druiwestok vye nie. 'n Brak fontein kan mos nie vars water gee nie!

Spreuke 18:21 OV

²¹ Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet.

Ester 9:32 OV

³² En die bevel van Ester het die voorskrifte vir hierdie Purim vasgestel, en dit is in 'n boek geskrywe.

b: Heerlikheid van konings - moed

Spreuke 25:2 NV

² Die eer van God lê in wat Hy verborge hou; konings se eer lê in wat hulle aan die lig bring.

Lukas 11:9-13 NV

⁹ Ek sê vir julle: Vra, en vir julle sal gegee word. Soek, en julle sal kry. Klop, en vir julle sal oopgemaak word. ¹⁰ Elkeen wat vra, ontvang, en elkeen wat soek, kry; en vir elkeen wat klop, sal oopgemaak word. ¹¹ Is daar 'n pa onder julle wat as sy seun vir hom brood vra, vir hom 'n klip sal gee, of 'n vis vra en dan vir hom 'n slang gee in plaas van 'n vis? ¹² Of as hy 'n eier vra, vir hom 'n skerpioen sal gee? ¹³ As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee - die Vader in die hemel nog baie meer! Hy sal die Heilige Gees gee vir dié wat vra.

Romeine 5:3-5 NV

³ Dit is egter nie al nie. Ons verheug ons ook in die swaarkry, want ons weet: swaarkry kweek volharding, ⁴ en volharding kweek egtheid van geloof, en egtheid van geloof kweek hoop; ⁵ en dié hoop beskaam nie, want God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het.

Romeine 5:17 OV

¹⁷ Want as ten gevolge van die misdaad van die één die dood geheers het deur die één, veel meer sal hulle wat die oorvloed van die genade en van die gawe van die geregtigheid ontvang, in die lewe heers deur die Één, Jesus Christus.

Johannes 16:33 OV

³³ Dit het Ek vir julle gesê, dat julle in My vrede kan hê. In die wêreld sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin.

I Petrus 4:14 OV

¹⁴ As julle beledig word oor die Naam van Christus, is julle gelukkig, omdat die Gees van die heerlikheid en van God op julle rus. Wat hulle betref, word Hy wel gelaster; maar wat julle betref, word Hy verheerlik.

Bv. Ester

Ester 4:13-16 NV

¹³ en hy het haar geantwoord: "Moenie dink net jy van al die Jode sal vrykom omdat jy in die koning se paleis is nie. ¹⁴ As jy nou swyg en daar kom van 'n ander kant af uitkoms en redding vir die Jode, sal jy en jou familie omkom. Wie weet, miskien is dit juis met die oog op 'n tyd soos hierdie dat jy koningin geword het!" ¹⁵ Ester het toe vir Mordegai laat weet: ¹⁶ "Gaan maak al die Jode wat in Susan is, bymekaar en vas ter wille van my. Julle moet drie dae, dag en nag, niks eet en drink nie. Ek en my

kamerpersoneel sal ook vas. Daarna sal ek na die koning toe gaan, al is dit teen die wet. As ek moet omkom, moet ek maar omkom."

c: Heerskappy van geregtigheid - integriteit

Wanneer slawe heers

Spreuke 19:10 NV

¹⁰ Weelde pas nie by 'n dwaas nie, nog minder behoort 'n slaaf oor mense van aansien te regeer.

Spreuke 30:21-23 NV

²¹ Daar is drie, nee, vier wat die lewe ondraaglik maak, wat onuitstaanbaar is: 22 'n slaaf nadat hy koning geword het, 'n ongemanierde sot nadat hy hom vol geëet het, 23 'n vrou wat eers nie 'n man kon kry nie en toe tóg getroud is, en 'n slavin nadat sy haar eienares se plek ingeneem het.

Spreuke 16:12-13 OV

¹² Dit is 'n gruwel vir konings om goddeloosheid te doen, want deur geregtigheid word die troon bevestig. ¹³ Die konings het behae in regverdige lippe, en hulle het hóm lief wat regte dinge spreek.

Spreuke 29:4a, 12 OV

⁴ 'n Koning hou deur reg die land in stand...

¹² 'n Heerser wat luister na 'n leuenagtige woord, sy dienaars is almal goddeloos.

Bv. Daniël

Daniël 6:4-5 NV

⁴ Hierdie Daniël het deur sy buitengewone bekwaamheid so uitblink bo die ander ministers en die goewerneys-generaal dat die koning van plan was om hom oor die hele koninkryk aan te stel. ⁵ Die ministers en die goewerneys-generaal het toe iets teen Daniël probeer kry oor die manier waarop hy die administrasie behartig het, maar hulle kon nie. Hulle kon ook geen onreëlmatigheid vind nie, want Daniël was betroubaar en was aan geen nalatigheid of onreëlmatigheid skuldig nie.

- in staat om waarheid te onderskei
- in staat om geregtigheid te laat geskied

d: Dinastie van liefde - genade

Spreuke 20:28 OV

²⁸ Liefde en trou behoed die koning, en deur liefde stut hy sy troon.

Spreuke 29:14 OV

¹⁴ 'n Koning wat getrou aan die armes reg verskaf, sy troon sal vir altyd bevestig wees.

Bv. Josef

Genesis 45:4-5, 7-8 NV

⁴ Maar hy het vir hulle gesê: "Kom na my toe!" en toe hulle nader kom, sê hy: "Ek is julle broer Josef. Julle het my verkoop, en ek is Egipte toe gebring. ⁵ Maar julle moet nou nie sleg voel of bang wees omdat julle my verkoop het nie, want God het my voor julle uit gestuur om lewens te red.

⁷ God het my voor julle uit gestuur om vir julle 'n oorblyfsel in hierdie land te laat oorbly, om julle aan die lewe te hou en sodat baie aan die dood sal ontkom. Dis nie julle wat my hierheen gestuur het nie, maar God. Hy het my laat aanstel as die farao se raadgewer en as bevelhebber oor sy huis en as gepeerder oor die hele Egipte."